

GOUDRIF—GEBIED GOUE WESTE

KAMPNUUS

Ngonyama

14 - 16 Januarie 2011

The poetry of the earth is never dead. ~John Keats



Van ons Goudriwwers het vroeg in Januarie weer die waens gehaak en gaan kamp by Ngonyama - gelee in die 1500ha Krugersdorp Wildtuin. Ngonyama is nou vir jou voorwaar n kampplek om mee rekening te hou met pragtige staanplekke en netjiese geriewe! Die groot aantrekking is natuurlik die wildsbesigtiging wat die "BIG 5" insluit.





Ronél, Santie en Deon se potbrood....

Wat 'n aangename verrassing!

My eerste gedagte was dat dit redelik primitief gaan wees, maar ek was stomgeslaan oor die netheid en algehele toestand van die geriewe.

8 Woonwaens, verteenwoordigend van sowat 21 volwassenes en 5 kinders, (alhoewel daar al weer laatkommers was), is ons bly dat ons dit kon maak.

Aangename weer het saam gespeel toe ons Saterdag, onder die Boemelaar tema, 'n potjiekos kompetisie gehad het. Dit was vet pret van vroegdag af. Sommiges van ons het behoorlik hart en siel in die Boemelaar karakter ingeklim.

Ons "Judges" het egter die koek gevat met die finale beoordeling. Mens kan sien hulle is al bykans 30 jaar deel van SAWA. Daar was volgens hulle geen wenner nie - almal het hul uitstekend van hul taak gekwyd. Daarom het hul dit goedgedink om aan elke pot 'n prys te gee.



Daar word heerlik gekuier om Isabel en Ouma Julia se Skaappotjie ..

Saterdag aand om die kampvuur het weer vir ander opwinding gesorg.

Behalwe dat Suzette (wat saam Japie net kom oë wys het) ons gewys het hoe word daar agteruit, in die lug, fiets gery, het sommige Sawanante, voorsitter inkluis, tot middernag GEKUIER.

Sommige van hulle het Sondagoggend redelik broos, vir die oggenddiens by Johan en Diana se wa aangemeld. Ons het daarna eers gou gaan kyk hoe die leeus in die leekamp gevoer word, en so na 11h00 bymekaar gekom vir heerlike eetgoed en die vergadering.

Alhoewel dit Sondag oggend gereen het het dit glad nie 'n demper op die heerlike naweek in die natuurskoon geplaas nie.

Wat 'n voorreg om weer so naby aan die Here te kon wees en dit saam vreemde mense wat familie geword het....



Johan & Bettie se Lampotjie



Bra-Jo, Diana, Marinda & Chris se Skaapskenkelpotjie



Piet, Olga, Rina & Pieta se beestertpotjie

Groete van wa tot wa
Marinda Hattingh



Ronél, Santie & Deon-hulle se biltongpotjie



Faan en Elize was die beoordelaars van die verskillende potjies en sal moeilik weer ontslae raak van die benaming "Judges".



Elizet se miniaturpotjie



Daar word heerlik gelag en geskerts terwyl Tannie Rina toekyk...



Deon-hulle staan en kyk hoe die leeus in die leepark vreet...



Soos Bra-Jo hier, het elkeen 'n prys gekry vir die beste potjie in sy kategorie...



Oom Pieta sit doodstil met Marinda en Chris se klein hondjie wat vas aan die slaap is op sy skoot...

Faan & Elize het lanklaas hul aansporingsplaatjies op datum gekry. Hul ontvang hier 'n hele paar plaatjies, onder andere 200 streek sierplaatjie & 275 algemeen.



Louwtjie graad 1, Deon graad 8, Zack graad 12...



Chris oorhandig aan Johan & Bettie hulle 160 streek aansporingsplaatjie...

Alet, Deon & klein Deon Barnard word ingelyf. BAIE Welkom by die SAWA Goudrif familie!

